LES 7: WAAR IS GOD WANNEER JY WEGVLUG?

DOEL:

Om kinders te laat verstaan dat God altyd by hulle is, al was hulle stout en probeer hul selfs van Hom af wegvlug.

HULPMIDDELS:

Prente vir die vertel van die storie (sien aan einde)
Sterretjies om op die prente te plak
Helder lamp of flitslig
Stewige karton (soos die wat mens in hemde kry) - sny in stroke van 30 cm x 8 cm
Wol of tou - omtrent 70 cm per kind
Kleeflint
Skêre
Ponsdrukker (verkieslik een wat net een gaatjie op 'n slag maak)
Engeltjies (gekopieer)

INLEIDING:

Om die kinders te help onthou oor wie ons die eerste kwartaal gesels het, kan die volgende raaisel gebruik word. Gee as leidraad die woord: “Alfabet” en va hulle om die volgende kode te ontsyfer: 10, 1, 11, 15, 2. Vir kleiner kinders kan die letters J, A, K, O, B deurmekaar gegee word om die naam Jakob te bou. Vra die kinders om te vertel wat hulle kan onthou van Jakob, sy pa, ma en broer, en hoe hy die oudste kind se seën gekry het.

LES:

Lees Genesis 28:10-22 en gebruik die prentjies wat in die uitdeelstuk is om dit ook visueel uit te beeld. Jy kan dit opplak of vir kinders gee om op te hou soos jy dit lees. Jakob het weggehardloop toe hy in die moeilikheid beland het. Vra vir die kinders waar hulle gaan wegkruip as hulle in die moeilikheid is. (Baie keer gaan kruip jy onder 'n bed weg of jy gaan klim in 'n kas of hardloop buitentoe en gaan klim in 'n boom.)

Hoekom gaan kruip ons weg as ons in die moeilikheid beland? Ons dink as ons weg is van die moeilikheid is dit OK, maar dis soos om jou kop toe te maak as jou kamer deurmekaar is. As jou kop toe is, kan jy nie sien hoe deurmekaar jou kamer is nie, maar dit beteken nie dat jou kamer nou aan die kant is nie. Die wonderlike is egter dat God saam met ons is as ons gaan wegkruip. As jy daar onder die bed lê, is God ook daar onder die bed. As jy jou kop toemaak, is God steeds by jou.

Hy belowe in vers 15 dat Hy altyd by ons is en dat Hy ons altyd sal beskerm, ook al was ons stout en is ons daarom in die moeilikheid. Ja, die Here wil ons nie net straf as ons verkeerd doen nie. Net soos vir Jakob wil die Here jou ook help om weer reg te maak en Hy beskerm ons ook al is ons op die verkeerde pad.

AKTIWITEIT:

1. Gee die prente wat gebruik is om die storie te vertel aan die groep en vra hulle om die prente in die volgorde te plaas waarin die storie vertel is. Gee vir die groep genoeg tyd dat hulle die storie vir mekaar kan vertel terwyl hulle dit doen.
2. Gee aan elkeen in die groep 'n paar sterretjies en vra die volgende vraag: Waar dink julle was God toe al hierdie dinge met Jakob gebeur het? Plak 'n sterretjie op elke prentjie waar jy dink dat God by was. God was natuurlik altyd en orals by Jakob. Daarom moet daar 'n sterretjie by elke prentjie wees.

SPELETJIE:

Sit die helder lamp of lig aan, en laat die groep kyk na hulle skaduwees. Laat hulle probeer om oor hul skaduwees te spring of om daarvoor te probeer wegkruip. Natuurlik sal niemand dit regkry nie. Verduidelik vir die kinders dat die skaduwee soos God se teenwoordigheid by ons is. Skakel nou die lig af en laat die kinders steeds probeer om hul skaduwees te soek. Dit sal nou moeiliker wees. Verduidelik vir die kinders dat ons ons skaduwees beter kan sien as ons in die ligte kant/mooi kant van die lewe leef. Wanneer ons in die donker kant lewe, sal ons God se teenwoordigheid ook moeiliker besef.

Indien jy tyd het of die energie bietjie wil laat styg, kan jy ook "Shadow tag" speel. Met die speletjie probeer die een wat "aan" is, die ander "tag" deur op hulle skaduwees te trap. Die een op wie se skaduwee getrap word, is weer "aan".

Neem nou die kinders na buite (indien die son skyn) sodat hulle kan besef dat hulle skaduwee nog steeds daar was al was dit donker en hulle kon dit nie sien nie. Net so is die Here ook altyd by ons. Lees weer Gen 28:15.

GEBED:

Dankie Here dat U altyd by ons is, selfs al doen ons verkeerd en hardloop weg.



Indien daar tyd oor is, kan die handwerkaktiwiteit "Jakob se leer met engele" nou gedoen word.

Druk gaatjies aan elke kant van die kartonstroke omtrent 4 cm uitmekaar. (Kyk op die foto.) Draai 'n stukkie kleeflint om die wol of tou se punt sodat dit makliker deur die gaatjies geryg kan word. Plak die ander kant van die wol vas aan die agterkant van een punt van die kartonstrook. Laat die kinders die wol deur die gaatjies ryg, maar maak seker dat die wol aan die voorkant reguit lyne maak soos die sporte van 'n leer. Plak die punt waarmee geryg is, ook aan die agterkant vas wanneer die hele karton se sporte gewerk is. Dit vorm die leer. Laat die kinders die engeltjies rofweg uitknip. Teken gesiggies en hare (en versier die kleertjies as hulle wil). Druk die engeltjies onder die leertjies in en plak vas.